Desember 2012 No 37

Koejawel Nuus

Koejawel Produsente Vereniging
Guava Producers' Association

Hoofstraat 258 Main Road
PAARL 7646
Posbus 426 P O Box
PAARL 7620

☎ [021 872-1501
Fax [021] 872-2675
: victor@guavas.co.za
: **www.guavaproducers.co.za**

Redakteur/ Editor W**iehahn Victor**

Inhoudsopgawe / Index

		Bladsy
1.	Inhoudsopgawe	1
2.	Uit die Voorsitter se Pen	2 & 3
3.	Belowende Seleksies uit die LNR stal Chemiese Spuitstof Ontledings	4 & 5
4.	Technical DVD's for Training / Bekendstelling : Die Vy in Suid-Afrika	6
5.	Koejawel Resepteboek / Ledeheffings / Webwerf	7
6.	Kersgroete	8

UIT DIE VOORSITTER SE

KOEJAWEL-OES 2012

Dit was een van daardie Koejaweloeste wat jy nie elke jaar wil beleef nie. Eers was die oes twee na drie weke tot 'n maand later as normaal . Vrugte was oor die algemeen kleiner as in die verlede en daarom het dit langer gevat om te pluk. Die tonne was tog daar en van die produsente het groot oeste gehad terwyl ander weer onder gemiddeld was. Koejawel pryse was beter maar nog nie na wense.

DIE INMAAKMARK

Langeberg & Ashton Foods het minder koejawels as verlede jaar ingemaak en toe einde September toegemaak vir onderhoud aan fabriek en so toe nog minder ingemaak omdat oes later was.
Rhodes Food Group het wel meer ingemaak en ons is bly dat hul koejawels ondersteun.
Oor die algemeen was inmaak gehalte swak en klein en daarom is 'n gedeelte na sap toe. Dit maak dat daar 'n tekort op die rakke gaan wees.
Wat pryse aanbetref is die inmaak prys van ±R1550 te na aan sap pryse en ons sal wil sien dat pryse drasties styg om tred te hou met stygende inset kostes. As pryse styg sal produsente ook beter uitsoek en gehalte lewer.

DIE SAPMARK

Die sapmark is goed voorsien en fabrieke kon alles verwerk. Daar sal ook min voorraad oorgedra word na volgende jaar as als volgens plan verloop. Daar is 'n probleem met invoer belasting (tariewe) in Europese Unie wat op pulp verhoog is, maar die regering saam met bedryf werk daaraan. Pryse sal ook moet verhoog om tred te hou met stygende kostes.Dit sal ook kontantvloei op plase help as vrugtebetalings terug na 30 dae na lewering betaal kan word.

DIE VARSMARK

Gehalte van koejawels was 'n probleem . Produsente het die varsmark goed voorsien en vraag na gehalte vars koejawels is aan die toeneem veral in die kettingwinkels. Ons moet net daarop let dat ons nie koejawels te goedkoop verkoop veral aan smouse op plase en winkelgroepe nie.

KOEJAWELS IN NOORDE

Dit wil voorkom of daar al hoe meer koejawel pulp navraag uit die noorde is soos verwelksiekte toeneem en ander faktore 'n rol speel met hul produksie op plase. Daar word steeds gepoog om nuwe kultivars te teel op die proefplaas in Nelspruit.

PROMOSIE

Ek wil die komitee gelukwens met n pragtige resepte boek wat bekend gestel is en produsente aan te moedig om die boek te help verkoop .
Dit sal 'n handige kersgeskenk wees.
Koejawels is ook goed verteenwoordig op TV en tydskrifte gedurende die jaar.

DIE SEISOEN WAT VERBY IS

Ek wil my dank en waardering uitspreek teenoor die bestuur, verwerkers en produsente vir hul bydrae gelewer die afgelope jaar.
Ek wil ook net vir Dos Joubert, ons vorige voorsitter wat ernstig siek was, alle voorspoed toewens.

'n Vreugdevolle Kersfees en Voorspoedige 2013 word aan almal toegewens

Groete

Poena Malherbe
VOORSITTER

BELOWENDE SELEKSIES UIT DIE LNR-ITSG KOEJAWEL TEELPROGRAM

S. Willemse, C.F. Human & A.D. Sippel
ARC-Instituut vir Tropiese en Subtropiese Gewasse, Privaatsak X11208, Nelspruit,1200.
salomie@arc.agric.za

INLEIDING:

Die Suid-Afrikaanse koejawel bedryf is hoofsaaklik gebasseer op twee kommersiële kultivars, naamlik 'TS-G2' en 'Fan Retief'. As gevolg van die uitbreek van Koejawelverwelksiekte (KVS) in die Mpumalanga en Limpopo provinsies, is die klem van die LNR-ITSG se koejawelteelprogram gemik om KVS-weerstandbiedende/verdraagsame plante te selekteer wat veral geskik is vir die varsmark, maar wat ook aanvaarbaar sal wees vir die verwerker.

Verskeie belowende seleksies is die afgelope twee seisoene geïdentifiseer en tydens evaluasie vergelyk met kommersiële kultivars rakende opbrengs, raklewe, saadinhoud, interne kleur en vrugkwaliteit.

METODES:

Twee teeltegnieke word gebruik in die koejawel-teelprogram om belowende kultivars/seleksies te verkry naamlik mutasie teling (gamma bestraling) en konvensionele teling (hand bestuiwings en oopbestuifde saad). Die nageslag van die twee teeltegnieke word in Fase I blokke ge-evalueer en ook in weefselkultuur met KVS ge-inokuleer om KVS-weerstandbiedende/verdraagsame basters te verkry.

Belowende seleksies wat in die Fase I-evaluasie blokke geïdentifiseer word, word in 'n semi-kommersiële Fase II blok ingesluit wat op verskillende lokaliteite uitgevoer word. Dit geskied deur middel van luginlêers wat op die Fase I bome gemaak word sodat plantmateriaal vinniger beskikbaar is. Belowende seleksies is met 'TS-G2' en 'Fan Retief' vergelyk en 'n telling is vir verskeie karaktertrekke toegeken (1=swak; 10=uitstekend).

Evaluasie vind vir 'n minimum van vyf jaar plaas om opbrengs en vrugkwaliteit te monitor. Eers wanneer 'n seleksie voldoende presteer sal dit geregistreer word en aan die bedryf vrygestel word.

RESULTATE EN BESPREKING:

'n Totaal van ses (6) seleksies huidiglik in Fase II blokke word met meer belangstelling dopgehou weens die potensiaal daarvan. Seleksies I5-E26 en J3-B35 het 8 uit 10 behaal rakende interne vrugkleur, terwyl die ander vier (4) seleksies 'n telling van 7 behaal het. Rakende saadinhoud het vier (4) seleksies goed presteer en 7 uit 10 behaal. Seleksie I5-N27 het die grootste vrugte geproduseer met seleksie I5-E26 die tweede grootste vrugte. Al die seleksies het 'n aanvaarbare smaak gehad en 5 uit 10 behaal. Die aangehegde fotos gee die eienskappe weer van die ses belowende seleksies.

CHEMIESE SPUITSTOF ONTLEDINGS

Gedurende die 2012-seisoen is 109 ontledings van vars koejawels gedoen om te toets vir chemise spuitstowwe. Die verantwoordelike gebruik van chemiese spuitstowwe deur produsente word aangemoedig en die bedryf het "skoon rapporte" nodig vir verkope van verwerkte produk.

Tans word ewekansige monsters van alle lewerings van vars koejawels vir verwerking getrek om vir chemise spuitstowwe te toets. Die ontledings word by Hearshaw and Kinnes Analytical Laboratory gedoen en die monsters word een keer per week aan die laboratorium gelewer vir ontleding. Indien oorskrydings voorkom sal onmiddelik 'n tweede monster getrek word en die koejawels sal teruggehou word en nie verwerk word nie.

Verder word ook vir Swaarmetale by Bemlab Laboratory getoets. Daar word vir Lood, Yster, Arseen, Mangaan, Tin en Kadmuim getoets. Ook hier het die bedryf 'n skoon rapport en wil dit graag so hou.

Almal se samewerking om "skoon rapporte" te verkry word waardeer.

TECHNICAL DVD'S FOR TRAINING

A new website that shows movies featuring deciduous farming is being launched. The website is called www.saorchard.co.za. The movies on SA Orchard are desigend to provide specialist technical information to new and existing South African deciduous fruit farmers.

All content is free to watch and is presented as a platform for agricultural education and matters of interest to the farming community in South Africa. The website concept was designed and produced by GM Television based in Cape Town with support from HORTGRO.

There are 26 movies planned for the first year covering a wide spectrum of deciduous fruit farming activities with a strong focus on providing new entrants into the industry with an operation overview of the key production activities of a deciduous fruit farm. At present the site contains eight movies covering Irrigation, Harvesting, Controlling Insects and Pests, Soil Preparation and Hand Thinning. New movies will be added monthly.

Should you wish to be informed of new movies when they appear, please email gmtelevision@aol.com to be put onto the mailing list.

Enquiries: Rehta Louw, HORTGRO (retha@hortgro.co.za / Tel: 021 870 2900

DIE VY IN SUID-AFRIKA deur J de V Lötter

Die skrywer van hierdie boek is 'n Oud-Senior Lektor in Pomologie van die Departement Hortologie van die Universiteit van Stellenbosch. Die boek strek oor 184 bladsye en het meer as 170 foto's en illustrasies daarin. Die inhoud dek: Die opkoms van die vrugtebedryf in Suid-Afrika, Die pomologie, Aanplantings, Eetvykultivars en benutting van vye.

Bestel: E-posadres: jlotter@netactive.co.za

Koste van boek: R350-00, kontant by bestelling

KOEJAWEL RESEPTEBOEK VIR KERSFEES

Vir 'n uitstekende kersgeskenk bestel 'n pragtige koejawel resepteboek vir u vriende of familie. Teen die afslag prys van R25-00 (die res van die drukwerk deur die Vereniging betaal) kan u hierdie resepteboek van uitstaande gehalte bestel.

Die resepteboek bestaan uit 40 verskillende koejawel resepte wat insluit hoofgeregte, slaaie, warm/koue nageregte en skemerkelkies.

Die resepteboek wys op die verskeidenheid van gebruike van koejawels.

Bestellings by : victor@guavas.co.za
Of
[021] 87 21 501

Direkte inbetaling sal waardeer word :

BANK	:	ABSA
TAK	:	Paarl
TAKKODE	:	33 42 10
REKENING NOMMER	:	400 159 459
NAAM VAN REKENING	:	Koejawel Produsente Vereniging

LEDEHEFFINGS

Produsente wat koejawels vars bemark, word vriendelik, maar dringend versoek om hul ledeheffings van R6-00 per ton (6 sent per kilogram) aan die Vereniging oor te betaal.
Bankbesonderhede soos hierbo.

Besoek ons Webwerf

www.guavaproducers.co.za

Ons webwerf is ook nou in Afrikaans beskikbaar

Skryf vir ons 'n briefie

victor@guavas.co.za

Die Voorsitter, Bestuurslede asook die personeel van die

KOEJAWEL PRODUSENTE VERENIGING

Wens u 'n vreugdevolle feestyd en 'n Voorspoedige 2013

The Chairman, Members and staff of the

GUAVA PRODUSER'S ASSOCIATION

Wish you a joyful season and a prosperous 2013